



oorgee • omgee • aangee

FAMILIENUUS

25 Oktober 2026

Wat jy hierdie week moet weet!





erediens



SONDAG

Ons nooi jou uit na die erediens om 09:30 by die kerk (Sinksabrug).

Kom drink lekker koffie saam met ons na afloop van die erediens.

VOLGENDE SONDAG

Ons nooi jou uit na volgende Sondag se afsluiting van die Dankbaarheidsmaand met Nagmaal om 09:30 in die kerk by Sinksabrug en die Nagmaalsete, in die vorm van 'n bring en braai, om 12:00 by die KHS. Ons steek die vure 11:30 aan.



Elke gesin bring genoeg vir hulleself.....

- Slaai of bykosse, vleis om te braai en drinkgoed
- Eetgerei, rooster, braaitang en caserol.
- Daar sal 'n gratis broodtafel wees
- Onthou jou poedingbakkie vir heerlike roomys en sjokolade sous.

Ons wil graag lekker sosiaal saam verkeer en mekaar beter leer ken. Moet dit nie mis nie!

As jy niemand het om vir jou te braai nie, sal ons mans voorsien wat jou vleis kan braai. As jy nuut is en nog nie baie mense ken nie of onseker is by wie jy kan sit, kontak Maryna by 082 650 7613.

DEUROFFER: ALTA DU TOIT SKOOL

Die Alta du Toit Skool in Kuilsrivier gee onderrig aan leerders (ouderdom 6 tot 18 jaar) wat intellektueel erg gestremd is en nie in hoofstroomonderwys met akademiese vakke kan aanpas nie. Die skool bied aan leerders uit alle kulture die beste geleentheid om volgens hulle eie vermoë en tempo te ontwikkel. Die fokus van die kurrikulum konsentreer op vaardighede soos selfversorging, kommunikasie, uitvoering van huishoudelike take, sinvolle tydsbesteding, arbeidgerigte vaardighede, asook eenvoudige begrip van godsdiens. Vir leerders wat wel daartoe in staat is, word vaardighede soos lees, skryf en getalbegrip aangeleer om hulle te help om in die alledaagse lewe oor die weg te kom met vaardighede soos tyd lees, hantering van geld en uitken van name van handelsbanke en winkels. Daar is twee koshuise vir leerders wat ver woon en bussies wat dagskoliere vervoer. Gemeentes se ondersteuning dra daartoe by dat leerders 'n vol lewe kan geniet in 'n skool waar daar spesiaal na hulle unieke behoeftes omgesien word.

H van Niekerk / 021 903 7744 / assistant.development@altadutoit.com

DEUROFFER

Verlede Sondag het ons R1 925 ingesamel vir Missie Japan. Volgende Sondag se deuroffer is vir die VGK Friemersheim.

BYBELSTUDIE VIR MANS EN VROUE

Kontak gerus vir Pieter Landman (072 518 6964) as jy belangstel om aan te sluit. Jy is baie welkom om 'n vriend of vriendin saam te bring!

- **Uitnodiging aan al die manne van Outeniqualand:** Die Bybelstudie vir manne is Donderdae om 08:00 by die Kobus Hattinghsaal.
- **Uitnodiging aan al die vroue van Outeniqualand:** Die Bybelstudie vir vroue is Donderdae om 09:30 in die Kobus Hattinghsaal.



10de MAAND DANKBAARHEIDSOFFERS OKTOBER 2026

Die lente is in die lug en met die wonderlike reën die afgelope paar maande, vol damme en die pragtige natuur om ons, is ons harte vol vreugde en dankbaarheid teenoor ons Skepper! Dit is die gebruik in ons gemeente om gedurende Oktober-maand aan ons gemeentedele die geleentheid te gee om op 'n spesiale manier, bo en behalwe ons maandelikse dankoffers, ons dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader te betoon vir al die goedheid, guns en genade wat ons so onverdiend uit Sy vaderhand ontvang en dit staan bekend as dankbaarheidsoffers.

'n Dankbaarheidsoffer is presies wat die woord sê en die enigste voorwaarde is dat dit uit 'n dankbare hart moet kom, ongeag wat die bedrag is. Dit wat jy gee, is uit en uit 'n saak tussen jou en jou Hemelse Vader en dit sal wonderlik wees as elkeen van ons lidmate iets kan gee, maak nie saak hoeveel nie!

Ons wil graag met tyd minder kontant by die kerkgeboue hanteer, vir veiligheidsredes. Daarom, is die verkose bydrae-metode 'n elektroniese inbetaling. **Merk asseblief net jou inbetaling baie duidelik as "10de-Maand dankoffer"**. Vir diegene wat verkies om 'n kontantbydrae te maak, sal daar gedurende Oktober die gebruiklike koevert met die woorde "My dankbaarheidsoffer" in die voorportaal van die kerkgebou beskikbaar wees. Neem


gerus daarvan om jou dankbaarheidsoffer in te plaas, as jy hierdie metode sou verkies. Tydens die nagmaalsdiens op **Sondag, 1 November 2026**, sal jy die geleentheid kry om jou koevert in te gee. Sou dit nie op daardag dag moontlik wees nie, kan jy dit ook op enige ander Sondag ingee, tot-en-met einde November 2026. Jy kan dit ook by die kerkkantoor inhandig, as dit jou beter pas.

Ons wil graag elke Outeniqualander bedank vir die mooi gesindheid wat julle nog altyd teenoor hierdie belangrike saak openbaar het. Daarom vertrou ons, ons Hemelse Vader dat Hy ook 2026 se insameling wonderlik sal seën. Hierdie fondse, word saam met al die ander fondse van die gemeente aangewend om die gemeente se missie, naamlik **“Oorgee, Omgee, Aangee”** ‘n werklikheid te maak en hierdie jaar is ons mikpunt R452 000, wat byna 10% van ons jaarlikse inkomste uitmaak.

Diensgroep vir Finansies

GETROUHEID/GEHOORSAAMHEID

Rekeningbesonderhede: NGK Outeniqualand; FNB Tjek rekening; Rek nr: 623 584 60401; Takkode 210-114. *Verwysing: Deuroffer/Dankoffer/Projek/Bankkollekte ens.*



VERJAARSDAE

(25 - 31 Oktober 2026)

SONDAG:	25	Bertie Coetzee Carina Lamprecht
MAANDAG:	26	Hester Bands Inge Rocher Estée Skeen
DINSDAG:	27	Lienka Grobbelaar Lize Langenhoven
WOENSDAG:	28	Babsie de Bruyn Metta Lessing

DONDERDAG: 29 Anja Botha
 Johan Deysel
 Hanré Robertson

VRYPDAG: 30 Christo Bylsma
 Ina de Jong
 Marco van der Walt

SATERDAG: 31 Gordon Elphick
 Charlotte Nieman

*Stel die kerkkantoor asb. in kennis van enige foute/uitlatings sodat dit reggestel kan word op ons register

1. Alta du Toit Skool (Deuroffer): Bid vir hierdie skool vir baie spesiale kinders.
2. Bid vir ons jongmense. Bid vir hartsverandering (by die skoolverwisselingskamp en die belydenisgroepe) Bid vir hulle wat soekend is na antwoorde in 'n baie deurmekaar wêreld.
3. Bid volhardend vir SA, en die verkiesing wat op hande is. Bid dat vrede, regverdigheid en waarheid sal heers.
4. Bid vir visie en wysheid om God se hand in ons en ons kinders se lewens te kan sien en daarvolgens te kan handel.
5. Bid die Woord: (Ef. 4:29) "praat net wat goed en opbouend is....."
 Gee ons hierdie wysheid, Here.

DANKIE:

1. Vir woord en kennis – 1 Kor. 1:5
 "want in Hom het God julle in alles ryklik geseën, veral in die gawes van woord en kennis."
2. Vir elke mens wat U in ons lewens geplaas het, veral diegene wat boustene van geloof en liefde lê.
3. As ons terugkyk – dankie vir die pad wat ons tot hiertoe met U gestap het.

GEBEDSUITDAGING:

Moet nooit toelaat dat 'n moeilike seisoen in jou lewe, jou oortuig dat gebed nie die moeite werd is nie.



IS GEBED JOU PASSIE?

Raak deel van Outeniqualand se unieke whatsapp-gebedsgroep of gee gebedsversoeke deur sodat ons jou kan bystaan in gebed!

Kontak asb. vir ds Jan by 084 258 8646.

Hier is 2 Gebedsinisiatiewe:

- ✝ 'n Prentjiemooi gebedstuin by die KHSaal in Glentana. Kom beleef God in die stilte van Sy skepping!
- ✝ 'n Gebedskamer (ou moederskamer) agter in die kerkgebou vir gebruik deur ons lidmate. Julle kan voor/tydens eredienste daar kom bid.

ONS BID SAAM VIR....

Kronies

Annemarie Swart, Justin Deyzel

Herstel

Isabelle Winnertz, Bertie Truter,
Dirk Swart, Errol Thyse, Stoffel Bester
Henriette Bothma, Serah Bester,
Koos Uys, Mike Bands,

Kanker

Malan en Elrine se agter-kleinseun, Roelf van Schalkwyk,
Nadia Botha, Joey Buitendagh se dogter, Karina Richter,
Debbie de Klerk, Reiner Becker, Irmgard Nel, Elize Odendaal, Ronel Skeen.



aangee



KALENDER vir 2027

2027 is om die draai! Die jaar het behoorlik gevlieg. Daar gaan binnekort in alle erns begin beplan word aan die 2027 kalender. Gemeentelede kry vir 2027 weer die geleentheid om 'n bladsy in die kalender te borg @ R500. Op jou bladsy kan jy 'n mooi teksvers of geestelike aanhaling, wat vir jou besonderse betekenis het, met die gemeente deel.

Stuur 'n whatsapp na 082 3 456 456 of 'n epos aan ngouteniqua@gmail.com

Dankie vir die vinnige reaksie, September 2027 is geborg!

WIT OLIFANTE

Dit raak weer tyd om in jou kaste en motorhuis al die Wit Olifante bymekaar te maak en aan te stuur kerk toe. Daardie wees-olifantjies wat die afgelope jaar stof vergader het in die motorhuis of stoorkamer wil graag nuwe eienaars by die basaar kry.

Die kontakpersoon vir die Wit Olifante is Pieter Stoltz by 082 851 4296. Hulle sal reël dat die olifante opgelaaai word. Jy is welkom om pryse op die items te

plaas waarteen dit verkoop kan word – maar as dit nie verkoop word nie, word die hoogste prys aanbod aanvaar. Slegs heel en bruikbare items asseblief!

BLOMME VIR 2027

As jy kans sien om volgende jaar 'n beurt te vat om die lidmate te bederf deur blomme in die kerk te sit, stuur 'n w/app aan 083 4 526 526.



OMGEEBEDIENING

As jy voel jy beskik oor die gawe om mense Sondae vriendelik en spontaan by die deure te verwelkom..... kontak Maryna by 082 650 7613



inligting



BASAARVERGADERING

Somerbasaar sameroepers kom op **Maandag 26 Oktober om 17:00** by die **KHS** bymekaar. Belangstellendes en mense met nuwe idees is baie welkom! Kontakpersoon gerus vir Wim by 083 321 1525

VAKATURE

Daar is 'n vakature vir Voorsitter van die Diensgroep vir Diensverhoudings. Indien jy iemand wil nomineer kan jy 'n vorm by die kerkkantoor kom haal.

ANDRIES - BEDIENING ONDER DIE BOESMANS

Dinsdag 3 November om 17:30 in die KHS

Kom luister na Andries se getuienis oor die bediening wat hulle onder die Boesmans in Namibië het. Moet nie hierdie geleentheid mis nie.

Ons sal van 17:30 koffie en verversings geniet en 18:00 sal Andries aan die woord wees om meer te vertel oor hierdie uitdagende maar bevredigende bediening. Moet dit nie mis nie!



snuffelhoekie



PENDELDIENS



Een van ons lidmate het begin met 'n Lughawe en Dorp pendel-diens. Hy kan help so wyd as Oubaai/Heroldsbai/Glentana/ Groot Brakrivier/Wildernis/ Victoriabai. Hy sê sy diens is betroubaar, bekostigbaar, betyds en veilig. Kontak gerus vir George Botha by 082 566 3374.

Outeniqualand kan nie instaan vir die kwaliteit van produkte of dienste gelewer, wat in hierdie snuffelgids geadverteer word nie.

Indien 'n gemeentelid 'n produk of diens in die snuffelgids wil adverteer moet dit die kerkkantoor nie later as Woensdagmiddag bereik. Kontak gerus vir Merinda by ngouteniqua@gmail.com, 044-876 0158 of stuur 'n whatsapp na 083 4 526 526.

**GROOTBRAK
LEESKRING**
Jaar Afsluiting



**Sidney Gilroy gesels met
Louis Jansen van Vuuren**

Avonture van 'n Afrikaanse Fransman
Kostelike vertellings oor sy lewe in Frankryk

 **Datum:** Donderdag, 12 November 2026.

 **Tyd:** 09:15 vir 10:15vm.

 **Plek:** NG Kerksaal, Langstraat, Groot-Brakrivier.

 **Prys:** R100 vir lede / R150 vir besoekers & nie-lede.
Slegs kontant. Peuselhappies ingesluit.

Bespreek by Etty: 083 501 0845.

Kontak ds Jan by 084 258 8646 of janfourie7777@gmail.com
Hy besoek jou graag. Neem asb. vrymoedigheid om met ons te skakel indien jy behoefte het aan 'n besoek.

Kontak Merinda by die kerkkantoor by 044-876 0158 of ngouteniqua@gmail.com
of stuur 'n whatsapp na 083 4 526 526

Kom besoek die kerkkantoor

Dinsdag to Vrydag (08:30 – 13:30)

asook Woensdae (15:00 – 16:30) en Sondaie (09:00 – 11:00)

Kontak ons Fasiliteitsbestuurder: Annemarie by 084 551 6282

Besoek ons ook by www.oudeniqualand.co.za of
Facebook by NG Outeniqualand Gemeente.